

JUDIT

Inleiding

Die boek is genoem na die hoofkarakter — 'n dapper en beeldskone Joodse weduwe. In Hebreeus is Judit die vroulike vorm van Juda; dit beteken Jodin.

Dit is nie bekend wie die verhaal geskryf het nie, maar uit die aard daarvan kan afgelei word dat die outeur van Judese afkoms was en in Israel gewoon het. Dit dateer moontlik uit die tyd van die Makkabeëroepstand in die tweede eeu vC.

Die verhaal is gerig op Judeërs vir wie die volgende belangrik was: egtheid van geloof, getrouheid aan die Wet, Jerusalem as Godstad, die tempel as heiligdom en die Almagtige God self. Te midde van 'n oënskynlik onoorkomelike bedreiging word alle Jode aangespoor tot dapperheid en volle vertrouwe op die Here. Sekere gegewens is nie histories nie. Nebukadnesar was koning van Babilonië, nie van Assirië nie. Arpagsad van Ekbatana is onbekend, so ook die veldslag teen hom. Die dorp Betulua kan nie geïdentifiseer word nie, maar toon ooreenkomste met die Bybelse Sigem.

Koning Nebukadnesar stuur 'n strafekspedisie onder aanvoering van Holofernes teen nasies wat hom nie wou help in die oorlog teen koning Arpagsad van die Meders nie. Die hoofkarakters is: Holofernes, die aanvoerder van die Assiriese leër, Agior, die leier van die Ammoniete, Judit, die dapper Joodse weduwe, en Ussia, 'n lid van die Joodse Raad. In die destydse samelewing was geslagsrolle duidelik afgebaken. Vroue

was ondergeskik en weduwees is saam met weeskinders beskou as 'n weerlose groep wat direk onder God se beskerming staan (sien Eks 22:22-24; Deut 24:19-21). Die keuse van 'n weduwee as hoofkarakter beklemtoon dus dat God betroubaar is, dat Hy kan en sal red. Haar dapperheid moes dien as besieling vir die •Judeërs.

Enkele nuwe-temas is:

Getrouheid aan die reinheidswette — sy hou by die rougebruike ten opsigte van weduweeskop en bly getrou aan haar man, selfs ná sy dood;

Judit se gebruik van haar skoonheid om vir die hele Israel redding te bewerkstellig;

heldhaftigheid — Judit se verleiding van Holofernes was gewaagd, en haar gedrag en optrede is deur almal as 'n heldedaad geprys.

Die boek bestaan uit twee simmetriese dele en kan soos volg ingedeel word: Holofernes se veldtog en suksesse (1 — 7) en Judit se weerstand en die redding van Israel (8 — 16). Die hoofpunte is:

1:1 — 2:13 Holofernes se veldtog

2:14 — 4:15 Israel se voorbereiding vir oorlog

5 — 6 Uitlewering van Agior

7 Beleëring van die stad Betulua

8:1 — 10:8 Bekendstelling van Judit

10:9 — 13:11 Uitvoering van Judit se plan

13:12 — 16 Oorwinning vir Israel en feesviering

1

Holofernes se veldtog

¹ Gedurende die twaalfde jaar van die heerskappy van Nebukadnesar,^a wat koning van die Assiriërs* was in die groot stad Nineve,* was Arpagsad koning van die Meders in Ekbatana.* ² En Arpagsad het rondom Ekbatana 'n muur van gekapte klip gebou, elke klip drie el breed en ses el^b lank; hy het die hoogte van die muur sewentig el gemaak en die breedte vyftig el;^c ³ hy het torings van honderd el hoog en met fundamente van sestig el breed by die poorte opgerig; ⁴ die stadspoorte het hy opgebou tot 'n hoogte van sewentig el en 'n breedte van veertig el, sodat dit kon dien as deurgange vir sy magte in hulle volle sterkte en die slagordes van sy voetsoldate. ⁵ *In daardie tyd het koning Nebukadnesar op die groot vlakte naby die stad Ragau oorlog gemaak teen koning Arpagsad. ⁶ Al die mense wat in die bergland gewoon het en al dié wat aan die Eufraat-, Tigris- en Hudaspesrivier en op die vlakte van koning Ariog van die Elumeërs gewoon het, het teen hom opgetrek. Talle nasies het saam opgeruk in die gevegslinie van die Geleüdiëte. ⁷ Koning Nebukadnesar van die Assiriërs het boodskappers gestuur na al die inwoners van Persië en na al die inwoners wat in die weste woon, die inwoners van Silisië en Damaskus, Libanon en Anti-

^a**1:1 Nebukadnesar:** Die verwysing na Nebukadnesar is anachronisties aangesien hy van 605-562 vC regeer, Jerusalem in 587/586 vC verower en die Joodse volk eers lank na sy dood teruggekeer het. Hy was koning van Babilonië, nie van Assirië nie.

***1:1 Assiriërs:** Sef 2:13

***1:1 groot stad Nineve:** Jona 2:3

***1:1 Meders in Ekbatana:** Tob 3:7

^b**1:2 3 ... 6 el:** Ongeveer 1,35 x 2,7 m; •Lengtemate.

^c**1:2 70 ... 50 el:** Ongeveer 31,5 x 22,5 m.

***1:5 Judit 1:15**

Libanon en al die inwoners van die kusstreek, ⁸ asook die nasies in Karmel en Gilead en Bo-Galilea en op die groot vlakte van Esdrelon,^d ⁹ en na almal in Samaria en sy stede en anderkant die Jordaan tot by Jerusalem en Betane, Chelous, Kades en die rivier van Egipte, asook Tafnas en Rameses en die hele land Gosen, ¹⁰ selfs tot aan die oorkant van Tanis en Memfis, en ook aan al die inwoners van Egipte tot so ver as die grens van Ethiopië.^e ¹¹ *Maar die inwoners van hierdie hele gebied het almal die oproep van Nebukadnesar, koning van Assirië, verontagsaam en nie saam met hom opgetrek om oorlog te voer nie, want hulle was nie vir hom bang nie — hy was vir hulle net 'n gewone man en hulle het sy boodskappers vernederd en met leë hande teruggestuur. ¹² Nebukadnesar was woedend vir daardie hele gebied en hy het by sy troon en sy koninkryk gesweer dat hy wraak sou neem op al die gebiede van Silisië* en Damaskus en Sirië, en dat hy al die inwoners in die land Moab met sy swaard sou doodmaak en ook die Ammoniete,* die hele Judea en almal in Egipte tot so ver as die grense van die twee seë.^f ¹³ In die sewentiende jaar^g het hy met sy leërmag opgetrek teen koning Arpagsad en die oorlog gewen. Hy het Arpagsad se hele leërmag oorweldig, en sy hele berede mag en al sy strydwaens vernietig. ¹⁴ Hy het sy stede oorgeneem en by Ekbatana aangekom en die torings verower, die strate geplunder en die stad se prag tot 'n

^d**1:8 Esdrelon:** 'n Ander naam vir die Vallei van Jisreël.

^e**1:10 Ethiopië:** Verwys nie na die huidige Ethiopië nie, maar na die gebied wat in die Ou Testament as “Kus” bekend staan. Dit is die naam van Nubië, 'n gebied suidoos van Egipte, vandag bekend as Soedan (Gen 2:13).

***1:11-12** Judit 2:1

***1:12 Silisië:** Judit 2:25

***1:12 Ammoniete:** Gen 19:38

^f**1:12 twee seë:** Hier word moontlik verwys na die Middellandse See en die Rooisee.

^g**1:13 17de jaar:** Ongeveer 588/587 vC.

bespotting gemaak. ¹⁵ Hy het Arpagsad in die berge van Ragau gevang en hom met sy werpspiese neergevel en hom op daardie dag verpletter. ¹⁶ Nebukadnesar het saam met sy hele gekombineerde mag — 'n baie groot aantal gevegstroepe — teruggekeer,^h en hy en sy leërmag het honderd-en-twintig dae lank goed uitgerus en feesgevier.*

2

¹* In die agttiende jaar,ⁱ op die twee-en-twintigste dag van die eerste maand, is daar in die paleis van Nebukadnesar, koning van die Assiriërs,^j aangekondig dat hy wraak sou neem op die hele streek,^k soos hy gesê het. ² Hy het al sy ampsdraers en al sy hooggeplaastes byeengeroep en hulle van sy geheime plan vertel. Hy het self die boosheid van die streek uitgewys, ³ en hulle het besluit om almal uit te wis wat nie gehoor gegee het aan sy bevel^l nie.* ⁴ Nadat hy sy beraadslagings afgesluit het, het Nebukadnesar, koning van die Assiriërs, vir Holofernes, die opperbevelvoerder van sy leërmagte en tweede ná hom, ontbied en vir hom gesê: ⁵ “So sê die groot koning, heer oor die hele aarde: Kyk, jy moet van hier af^m optrek en manne met jou

^h**1:16 teruggekeer:** Waarskynlik na Nineve.

***1:16 120 dae ... feesgevier:** Vgl Est 1:3-4

***2:1** Judit 1:11-12

ⁱ**2:1 18de jaar:** Ongeveer 587/586 vC.

^j**2:1 Nebukadnesar ... Assiriërs:** Die verwysing na Nebukadnesar is anachronisties aangesien hy van 605-562 vC regeer, Jerusalem in 587/586 vC verower en die Joodse volk eers lank na sy dood teruggekeer het. Hy was koning van Babilonië, nie van Assirië nie.

^k**2:1 streek:** Die verwysing is na die onderskeie nasies wat sy oproep om hulp in die oorlog teen Arpagsad verontagsaam het; vgl Judit 1:1-6.

^l**2:3 bevel:** Letterlik ‘aan die woorde van my mond’.

***2:3 nie ... bevel nie:** Judit 1:11

^m**2:5 van ... af:** Letterlik ‘vanuit my aangesig’.

saamneem wat vertrou op hulle krag, tot soveel as honderd-en-twintigduisend voetsoldate* en 'n groot aantal ruiters, twaalfduisend, met hulle perde. ⁶ Jy moet teen die ganse streek in die weste optrek, want hulle het nie my bevele gehoorsaam nie. ⁷ Sê hulle aan om grond en waterⁿ gereed te maak, want ek gaan in my woede teen hulle optrek en die totale aangesig van die aarde bedek met my leërmagte se voete en hulle as buit aan dié magte^o oorgee. ⁸ *Hulle gewondes sal hulle dale vul, en elke stroom en rivier sal vol lyke word en sy walle oorstrom. ⁹ Ek sal hulle krygsgevangenes wegvoer tot by die eindes van die ganse aarde. ¹⁰ Maar jy moet uittrek en solank vir my elke enkele grondgebied wat aan hulle behoort, beset. As hulle hulle aan jou oorgee, moet jy hulle vir my hou tot op die dag van hulle veroordeling en straf. ¹¹ Jou oog moet egter die ongehoorsames in jou hele gebied nie ontsien nie, maar hulle oorgee aan dood en plundering. ¹² Want so seker as ek leef* en so seker as die mag van my koningskap bestaan — ek het gespreek en met my hand sal ek dit alles uitvoer.* ¹³ En wat jou betref, moenie 'n enkele een van die bevele van jou heer oortree nie, maar handel ten volle af wat ek jou beveel het, en moenie uitstel om dit te doen nie.”

Israel se voorbereiding vir oorlog

¹⁴ Toe het Holofernes uit die teenwoordigheid van sy heer weggegaan en al die vorste en generaals en offisiere van die leërmag van Assirië ontbied. ¹⁵ Hy het honderd-en-twintigduisend uitgesoekte manskappe*

***2:5 120 000 voetsoldate:** Vgl 1 Mak 15:13

ⁿ**2:7 grond en water:** Die oorhandiging van 'n hoeveelheid grond en water dien as simbole van oorgawe en onderwerping aan die koning.

^o**2:7 dié magte:** Letterlik ‘hulle’.

***2:8** Vgl Eseg 35:8

***2:12 so seker ... leef:** Deut 32:40

***2:12 met ... uitvoer:** Vgl Judit 8:33; 9:9-10; 12:4; 13:4,14-15; 15:10; 16:5

***2:15 120 000 ... manskappe:** Judit 2:5; vgl 1 Mak 15:13

gekies om aan te tree, net soos sy heer hom beveel het, en twaalfduisend berede boogskutters, ¹⁶ en hulle in slagordes opgestel soos wat 'n groot leër vir oorlog georden word. ¹⁷ Hy het 'n baie groot aantal kamele, donkies en muile saamgevat vir hulle bagasie, ontelbaar baie skape, beeste en bokke as hulle proviand, ¹⁸ genoeg voorraad vir elke manskap en 'n baie groot hoeveelheid goud en silwer uit die koning se paleis. ¹⁹ Hy het van Nineve af opgetrek, hy en sy hele leërmag, om die pad vir koning Nebukadnesar^p gereed te maak en om die ganse oppervlak van die aarde na die weste toe te bedek met sy strydwaens, berede soldate en uitgesoekte voetsoldate. ²⁰ *'n Groot verskeidenheid mense het soos 'n swerm sprinkane saam met hulle uitgetrek. Hulle was so baie soos die sand op aarde, só baie dat hulle inderdaad nie getel kon word nie. ²¹ Hulle het drie dae lank van Nineve af getrek in die rigting van die vlakte van Bektilet, en by Bektilet kamp opgeslaan, naby die berg wat aan die noordekant van Bo-Silisië is. ²² Hy het sy hele leërmag gevat, die voetsoldate, ruiters en strydwaens, en daarvandaan die berggebied ingetrek. ²³ Hy het Put* en Lud* verwoes, en al die Rasiëte en die Ismaeliete* aan die rand van die woestyn, tot suid van Cheleon, beroof. ²⁴ Hy het die Eufraat^q bereik en deur Mesopotamië getrek tot hy die see bereik het en al die versterkte stede aan die Abronarivier platgevee. ²⁵ Daarna het hy die grensgebied van Silisië ingeneem* en

^p**2:19 Nebukadnesar:** Vgl voetnoot in Judit 2:1.

***2:20 Rig** 7:12

***2:23 Put:** Gen 10:6; 1 Kron 1:8; 2:53

***2:23 Lud:** Gen 10:13,22; 1 Kron 1:1,17

***2:23 Ismaeliete:** Gen 25:12-18

^q**2:24 Eufraat:** In die tyd van die OT het die Eufraat deur die ryke van Babilonië en Assirië, vyande van Israel, gevloei.

***2:25 Silisië ingeneem:** Judit 1:12

almal verdelg wat teen hom opgestaan het.* Hy het tot by die suidelike grensgebiede van Jafet,* teenoor Arabië,* gevorder.²⁶ *Hy het al die Midianiete omsingel, hulle tente aan die brand gestee en hulle skaapkrale geplunder.²⁷ Toe het hy, in die tyd van die koringoes,* afgegaan na die vlakte van Damaskus en al hulle landerye aan die brand gestee; hy het hulle skaap- en beestroppe oorgegee aan vernietiging; hulle stede het hy geplunder, hulle velde gestroop en al hulle jong manne met die skerpte van die swaard afgemaai.²⁸ Vrees en bewing vir hom het die bewoners van die kusstreke in Sidon en Tirus* oorval,* en ook die bewoners van Sur* en Okina en al die bewoners van Jamnia.* Ook die inwoners van Azotus en Askelon^r was baie bang vir hom.

3

¹ Hulle het boodskappers met vredesboodskappe na hom gestuur:

² “Kyk, ons as dienaars van die groot koning Nebukadnesar,^s werp ons

*2:25 almal ... opgestaan het: Judit 1:7-11

*2:25 Jafet: Gen 5:32

*2:25 Arabië: 1 Mak 11:16; Gal 1:17

*2:26 Vgl Rig 6:1-6

*2:27 tyd ... koringoes: Gen 30:14; Rig 15:1; 1 Sam 12:17

*2:28 Sidon en Tirus: Jes 23:1-8; Eseg 26 — 28; Joël 3:4-8; Am 1:9-10; Sag 9:2-4; Matt 11:22

*2:28 Vrees ... oorval: Judit 15:2

*2:28 Sur: Gen 25:18; Eks 15:22; 1 Sam 15:7

*2:28 Jamnia: Vgl 1 Mak 4:15

^r2:28 Azotus en Askelon: “Asdod” en “Askelon” in Jos 12:3; 1 Sam 6:17; Am 1:8; Sef 2:4; Eseg 9:5-6.

^s3:2 Nebukadnesar: Die verwysing na Nebukadnesar is anachronisties aangesien hy van 605-562 vC regeer, Jerusalem in 587/586 vC verower en die Joodse volk eers lank na sy dood teruggekeer het. Hy was koning van Babilonië, nie van Assirië nie.

voor u neer. Maak met ons soos wat goed is in u oë. ³ *Ons nedersettings en al ons woonplekke, al ons graanvelde, ons troppe klein- en grootvee en al ons tentstaanplekke is tot u beskikking — maak daarmee soos wat goed is in u oë. ⁴ Kyk, ook ons stede en hulle inwoners is u slawe — kom en maak met hulle soos dit goed is in u oë.” ⁵ Die manne het by Holofernes* aangekom en hierdie woorde aan hom oorgedra. ⁶ Hy self het toe met sy leërmag afgetrek na die kusgebied en militêre beheer ingestel deur garnisoene in al die vestingstede te plaas. Hy het uitgesoekte manne uit die stede geneem as hulptroepe. ⁷ *Hierdie mense en hulle hele omgewing het hom ontvang met lourierkranse, en met dansers en tamboeryne. ⁸ Tog het hy al hulle grensposte vernietig en hulle heilige bome afgekap,* want hy het opdrag gehad om al die gode van die land geheel en al te vernietig sodat al die nasies vir Nebukadnesar alleen sou dien en alle taalgroepe en stamme hom as god sou aanroep. ⁹ Holofernes^t het by Esdrelon,^u naby Dotan,* regoor die groot bergreeks van Judea, aangekom. ¹⁰ Hy het kamp opgeslaan tussen Geba^v en Skitopolis^w en 'n volle maand lank daar gebly om al die voorraad vir sy leër* bymekaar te kry.

***3:3-4** Vgl Judit 2:23-27

***3:5 Holofernes:** Judit 2:4

***3:7** Eks 15:20; Rig 11:34; 1 Sam 18:6; 1 Mak 13:51

***3:8 heilige ... afgekap:** Eks 34:13; 2 Kron 17:6

^t**3:9 Holofernes:** Letterlik ‘Hy’.

^u**3:9 Esdrelon:** 'n Ander naam vir die Vallei van Jisreël.

***3:9 Dotan:** Judit 4:6; 7:3; 8:3

^v**3:10 Geba:** Dit is nie bekend presies waar Geba was nie.

^w**3:10 Skitopolis:** Ook genoem Bet-San, aan die suidoostelike kant van die Vallei van Jisreël. Letterlik ‘die stad van die Skittiërs’. Die Skittiërs is in die Romeinse tyd beskou as 'n volk wat die toonbeeld van onbeskaafdheid was; vgl Kol 3:11.

***3:10 voorraad ... leër:** Judit 4:5

4

¹ *Die Israeliete wat in Judea gewoon het, het gehoor van alles wat Holofernes, die opperbevelvoerder van koning Nebukadnesar^x van die Assiriërs, aan die nasies gedoen het, en op watter manier hy al hulle heiligdomme geplunder en laat vernietig het.* ² 'n Ontsettende vrees vir hierdie man het hulle beetgepak en hulle was diep ontsteld oor Jerusalem en ook oor die tempel van die Here hulle God. ³ *Hulle het immers kort tevore eers teruggekeer uit gevangenskap, en die hele volk van Juda het pas byeengekom en die tempelgerei, die altaar en die tempel^y weer gewy, nadat dit verontreinig was. ⁴ Toe stuur hulle boodskappers na die hele gebied van Samaria en na Kona, Bet-Horon, Belmain en Jerigo, en na Goba, Aisora en die Vallei van Salem. ⁵ Hulle het dadelik, as voorbereiding vir oorlog, die kruine van die hoë heuwels beset, die dorpe tussenin versterk en voorrade opgeberg — want die landerye was pas afgeoes. ⁶ Die hoëpriester Jojakim,* wat daardie tyd in Jerusalem was, het aan die inwoners van Betulua en Betomestajim, wat aan die kant van die vlakte Esdrelon^z naby Dotan* geleë is, ⁷ skriftelik opdrag gegee om die bergpasse te beset,* aangesien hulle toegang

*4:1 Judit 2:23-27

^x4:1 **Nebukadnesar:** Die verwysing na Nebukadnesar is anachronisties aangesien hy van 605-562 vC regeer, Jerusalem in 587/586 vC verower en die Joodse volk eers lank na sy dood teruggekeer het. Hy was koning van Babilonië, nie van Assirië nie.

*4:1 **heiligdomme ... vernietig het:** Judit 3:8

*4:3 Esra 1:1-3; Eseg 1:1c; Tob 14:5

^y4:3 **tempel:** Letterlik 'huis'.

*4:6 **hoëpriester Jojakim:** Judit 15:8

^z4:6 **Esdrelon:** 'n Ander naam vir die Vallei van Jisreël.

*4:6 **Dotan:** Judit 3:9; 7:3; 8:3

*4:7 **bergpasse te beset:** Judit 5:1; 7:1; 14:11

verleen het tot Judea. Dit was maklik om diegene te keer wat daar wou opgaan, want die deurgang was smal, net wyd genoeg vir twee mans langs mekaar. ⁸ Die Israeliete het gemaak soos die hoëpriester Jojakim en die Raad van Oudstes van die hele volk Israel, wat in Jerusalem vergader het, hulle beveel het. ⁹ *Toe het die hele Israel vurig en hardop geroep na God, en hulle^a met diepe erns verootmoedig. ¹⁰ Hulle en hulle vroue en kinders en hulle vee, en elke vreemdeling en huurling en gekoopte slaaf, het rouklere om hulle heupe vasgemaak. ¹¹ Elke man en vrou en die kinders wat in Jerusalem gewoon het, het hulle voor die tempel neergewerp en as op hulle koppe gestrooi en hulle rouklere^b voor die aangesig van die Here oopgesprei. ¹² Hulle het ook die brandofferaltaar met growwe materiaal bedek en eendragtig en vurig tot die God van Israel geroep om nie hulle kindertjies uit te lewer om weggevoer te word, en hulle vroue om beroof te word, en die stede wat hulle geërf het om verwoes te word, en die heiligdom^c om verontreinig, beskimp en bespot te word deur die nasies nie. ¹³ Die Here het hulle geroep gehoor en hulle benoudheid gesien; die volk in die hele Judea en in Jerusalem het baie dae lank voor die heiligdom van die Almagtige Here gevas. ¹⁴ *Ook die hoëpriester Jojakim en al die priesters wat voor die Here gestaan het en wat vir die Here diens gedoen het, het met

* **4:9-12** Est 4:1-3; Jona 3:7-8

^a**4:9 hulle:** Letterlik 'siele'. Dit dui hier op die mens se gemoed met sy emosies en stemmings.

^b**4:11 as ... rouklere:** Die "as" en "rouklere" verwys na die kulturele gebruik in Israel om as op die kop te strooi en growwe klere van bokhaar te dra as teken van smart of berou.

^c**4:12 heiligdom:** Letterlik 'heilige dinge', maar die verwysing is na die •tempel in Jerusalem. Dit is deurgaans so in die Makkabese boeke.

* **4:14** Joël 2:17

rouklere om hulle heupe gebind die gereelde •brandoffer,* die •gelofteoffers en die vrywillige offergawes van die volk geoffer.¹⁵ Daar was as op hulle tiaras,^d en hulle het met alle mag tot die Here geroep om guns te betoon aan die hele huis van Israel.

5

Uitlewering van Agior

¹ Dit is aan Holofernes, die opperbevelvoerder van die Assiriese leërmag, gerapporteer dat die Israeliete hulle voorberei het vir oorlog, die bergpasse gesluit het, elke hoë bergspits ommuur het en versperrings op die vlaktes aangebring het. ² Hy was briesend en het al die hoë amptenare van Moab en die bevelvoerders van Ammon en al die satrape^e van die kusstreek ontbied ³ en vir hulle gesê: “Kanaäniete, sê my wie die volk daar in die bergstreek is — watter stede bewoon hulle, hoe groot is hulle weermag en waarop berus hulle krag en vermoëns? Wie is koning oor hulle, die aanvoerder van hulle leër? ⁴ En waarom het hulle, van al die nasies van die weste, geweier om my te kom ontmoet?” ⁵ Toe sê Agior, die leier van al die Ammoniete,* vir hom: “Laat my heer tog luister na die verslag uit die mond van u dienaar. Ek sal vir u die waarheid bekend maak oor daardie volk wat in die bergstreek naby u woon. Geen leuen sal uit die mond van u dienaar kom nie. ⁶ Hierdie volk is afstammeling van die Galdeërs.^f ⁷ Hulle het vroeër as vreemdelinge in Mesopotamië^g gewoon, want hulle

* **4:14 gereelde brandoffer:** Eks 29:38-42

^d**4:15 tiaras:** •Tulbande wat deur priesters gedra is.

^e**5:2 satrape:** 'n Satraap is die verteenwoordiger van die Persiese koning in die provinsies van sy ryk.

* **5:5 Ammoniete:** Gen 19:38

^f**5:6 Galdeërs:** Die volksgroep wat oor Babel regeer het vanaf 625 vC.

^g**5:7 Mesopotamië:** Dit is die gedeelte in noordelike Mesopotamië rondom Haran, waarna in Gen 11:31 verwys word.

wou nie in die land van die Galdeërs luister na die gode van hulle voorouers nie.^{h 8} Hulle het afgewyk van die paaie van hulle voorgeslagte en die God van die hemel begin aanbid, dié God wat hulle leer ken het. En toe die Galdeërs hulle verdryf het uit die teenwoordigheid van hulle gode, het hulle na Mesopotamië gevlug en daar baie lank as vreemdelinge gewoon. ^{9 *}Toe sê hulle God hulle aan om die plek te verlaat waar hulle as vreemdelinge gewoon het en na die land Kanaän te trek. Hulle het daar gaan woon en baie ryk geword — deur goud en silwer en uitermate baie vee. ^{10 *}Omdat daar hongersnood oor die hele Kanaän gekom het, het hulle na Egipte afgetrek. Daar het hulle as vreemdelinge bly woon so lank as wat daar voedsel te kry was. Hulle volk het daar tot so 'n groot menigte aangegroei dat hulle nie getel kon word nie. ¹¹ Toe het die koning van Egipte teen hulle gedraai, hulle om die bos gelei en hulle hard laat werk om stene te maak;* hy het hulle verneder deur van hulle slawe te maak. ^{12 *}Maar hulle het tot hulle God geroep, en Hy het die hele Egipteland getref met plaë waarvoor daar geen genesing was nie. Toe het die Egiptenare hulle van hulle af weggedryf. ^{13 *}Maar God het die Rooiseeⁱ

^h**5:7 gode ... voorouers nie:** Dit is onseker of die frase verwys na die vadere of die gode wat in die land van die Galdeërs was. Grammatikaal is albei moontlik. Die vers verwys na die oorsprong van die volk en die rede waarom hulle weier om gehoor te gee. Dit is moontlik vyandig bedoel teenoor die Israeliete, aangesien Holofernes self 'n Galdeër is.

***5:9** Gen 11:31; 12:1

***5:10** Gen 41:54; 42:2; 46:6-7; Eks 1:7

***5:11 hard ... maak:** Eks 1:11; 2:11

***5:12** Eks 7:1 — 12:51

***5:13** Eks 14:15-16

ⁱ**5:13 Rooisee:** In Eks 10:19; 13:18 en elders word die Hebreeuse pleknaam vertaal as “Rietsee” vertaal. Die •Septuagint, wat deur die NT gebruik is (vgl Hand 7:36; Heb 11:29), vertaal dit as “Rooisee”. In antieke tye kon die “Rooisee” waarskynlik na sowel die Golf van Suez (Rooisee) as die Golf van Akaba verwys het.

voor hulle drooggelê ^{14*} en hulle op die pad na Sinai en Kades-Barnea gelei. Hulle het al die woestynbewoners uitgedryf, ^{15*} in die land van die Amoriëte gaan woon, en deur hulle mag al die Gesboniëte verdelg. Toe het hulle die Jordaan oorgesteek, die hele berggebied in besit geneem ^{16*} en die Kanaäniete, Feresiëte, Jebusiëte, Sigemiëte en al die Gergesiëte voor hulle uit verdryf en lank daar gebly. ^{17*} Solank hulle nie gesondig het in die oë van hulle God nie, het dit met hulle goed gegaan, want die God wat onreg haat, was met hulle. ^{18*} Maar toe hulle afgewyk het van die pad wat Hy vir hulle aangewys het, is hulle in talle gevegte geheel en al verslaan en as gevangenes na 'n vreemde land weggevoer. Die tempel van hulle God is met die grond gelyk gemaak en hulle stede is deur die vyand ingeneem. ^{19*} Maar noudat hulle hulle bekeer het tot hulle God, het hulle teruggekeer van die plek waarheen hulle verstrooi was. Hulle het besit geneem van Jerusalem, waar hulle heiligdom was, en hulle in die bergland gevestig, aangesien dit onbewoon was. ²⁰ En nou, my heer en meester, as daar 'n dwaling by hierdie volk voorkom en hulle teen hulle God sondig, en ons dit as 'n misstap aan hulle kant beskou, dan kan ons optrek en hulle aanval; ^{21*} maar as daar geen wetsoortreding onder hulle as volk is nie, moet my heer hulle met rus laat, want dan sal hulle Here en God hulle beskerm en sal ons 'n bespotting op die hele aarde wees.” ²² Nadat Agior hierdie dinge gesê het, het die hele volk, wat om die tent saamgedrom en daar rondgestaan het, gemor. Holofernes se offisiere en al die inwoners

*5:14 Eks 17:8-16; 19:1-2; Num 13:26; 20:1; 21:1-3

*5:15 Num 21:21-32; Jos 8:1 — 11:23

*5:16 Deut 7:1-2; Jos 24:11-12

*5:17 Deut 28:1-14

*5:18 Rig 2:11-15; 2 Kon 17:5-6; 25:8-11

*5:19 Esra 1:1-5

*5:21 Judit 11:10

van die kusstreek en Moab het geëis dat Agior in stukke gekap word:

²³ “Ons is tog nie bang vir die Israeliete nie, want kyk, hulle is 'n volk wat nie werklik mag of krag vir 'n groot veldslag het nie. ²⁴ Laat ons dus nou optrek, o heerser Holofernes — hulle sal prooi vir u hele leer word.”

6

¹ Toe die beroering bedaar het onder die mense wat daar om die krygsraad^j saamgedrom het, sê Holofernes, opperbevelvoerder van die Assiriese leërmag, voor die hele skare vreemdelinge en voor al die Moabiete, vir Agior: ² * “Wie is jy nogal, Agior, jy met jou huursoldate van Efraim, dat jy by ons kom profeteer het, soos vandag, en ons kom aansê het om nie teen die volk Israel te veg nie omdat hulle God hulle sal beskerm? * Watter God is daar buiten Nebukadnesar?^k * Hý sal sy mag stuur en hulle van die aangesig van die aarde af wegvee, en hulle God sal hulle nie kan red nie. ³ Maar óns, sy dienaars, sal hulle soos een man tref, en hulle sal nie weerstand kan bied teen die oormag van ons ruitery nie, ⁴ want ons sal hulle daarmee oorweldig. Hulle berge sal dronk word van hulle bloed* en hulle vlaktes vol van hulle dooies. Nie eers hulle voetspore sal voor ons standhou nie; hulle sal geheel en al

^j**6:1 krygsraad:** Letterlik ‘sanhedrin’. Dieselfde woord word in die NT gebruik vir die Joodse Raad; •Sanhedrin.

* **6:1 Agior:** Judit 5:5

* **6:2-4** 2 Kon 18:32-35; Jes 36:18-20

* **6:2 en ons ... beskerm:** Judit 5:21

^k**6:2 Nebukadnesar:** Die verwysing na Nebukadnesar is anachronisties aangesien hy van 605-562 vC regeer, Jerusalem in 587/586 vC verower en die Joodse volk eers lank na sy dood teruggekeer het. Hy was koning van Babilonië, nie van Assirië nie.

* **6:2 Watter ... Nebukadnesar:** Judit 3:8

* **6:4 dronk ... bloed:** Vgl Deut 32:42; Jes 34:2-7; Op 17:6

verdelg word, sê koning Nebukadnesar, die heer van die ganse aarde.* Hy het immers gespreek, en die dinge wat hy gesê het, sal nie verydel word nie.⁵ Maar jý, Agior, jou Ammonitiese huurling,¹ jy wat hierdie woorde gespreek het op die dag wat jy onreg gepleeg het, jy sal van vandag totdat ek wraak geneem het op die volk uit Egipte,* my gesig nie weer sien nie.^{m*}

⁶ “Die ysterwapens van my aanvalsmag en van die menigte van my ampsdraers sal dan jou ribbes deurboor, en wanneer ek terugkom, sal jy saam met hulle noodlottig gewondes sneuwel. ⁷ My dienaars sal jou terugvat na die bergland en jou in een van hulle stede op die bergland besorg. ⁸ Jy sal nie sterf nie — totdat jy saam met hulle verdelg word. ⁹ As jy waarlik in jou hart hoop dat hulle nie ingeneem sal word nie, moet dan nie so teleurgesteld lyk nie. Ek het gespreek en nie een van my woorde sal verydel word nie.” ¹⁰ Holofernes het sy dienaars wat by hom in sy tent was, beveel om Agior te gryp en na Betulua weg te neem en hom oor te gee in die hande van die Israeliete. ¹¹ Die dienaars het hom toe gegryp en hom uit die kamp na die vlakte gelei. Hulle het van die vlakte na die bergstreek gegaan en by die fonteine onder Betulua aangekom. ¹² Toe die manskappe van die stad wat op die bergtop was, hulle sien, het hulle hulle wapens gegryp en die stad wat op die bergtop was, verlaat. Die hele afdeling slingervelgooiers het die Assiriërsⁿ in hulle gang gestuit deur hulle aanhoudend met klippe te bestook. ¹³ Die Assiriërs het egter onder

* **6:4 koning ... ganse aarde:** Judit 11:1

¹**6:5 Ammonitiese huurling:** 'n Beskuldiging dat hy in diens van die Israeliete staan.

* **6:5 volk uit Egipte:** Judit 5:10

^m**6:5 my ... sien nie:** Om ‘die gesig van die koning te sien’ beteken dat die koning oudiënsie aan so 'n persoon toestaan.

* **6:5 nie weer sien nie:** Judit 14:6

ⁿ**6:12 Assiriërs:** Letterlik ‘hulle’.

beskutting van die berg nader gekruip, vir Agior vasgemaak, hom aan die voet van die berg laat lê en teruggekeer na hulle heer. ¹⁴ Toe die Israeliete uit hulle stad uit ondertoe gaan, het hulle vir Agior daar gekry. Hulle het hom losgemaak, weggelei na Betulua en voor die leiers van hulle stad gebring; ¹⁵ in daardie tyd was dit Ussia, seun van Miga uit die stam van Simeon,* Gabris, seun van Gotniël, en Garmis, seun van Melgiël. ¹⁶ Hulle het al die oudstes van die stad byeengeroep, en al hulle jong manne en vroue het saam na die samekoms gehardloop. Hulle het vir Agior in die middel van die hele volk laat staan en Ussia het hom ondervra oor wat gebeur het. ¹⁷ Toe het hy geantwoord en aan hulle meegedeel wat by die krygsraad van Holofernes gebeur het, asook al die woorde wat hy in die teenwoordigheid van die Assiriese aanvoerders gesê het, en alles waaroor Holofernes gespog het wat hy aan die huis van Israel gaan doen. ¹⁸ *Toe het die volk in aanbidding neergeval voor God en uitgeroep: ¹⁹ “Here, God van die hemel, sien tog hulle verwaandheid raak en toon deernis met ons geslag wat verneder word. Kyk tog gunstig na diegene wat op hierdie dag toegewyd aan U leef.” ²⁰ Hulle het Agior sterkte toegewens en hom baie geprys. ²¹ Toe het Ussia vir Agior van die byeenkoms weggeneem na sy huis toe, en 'n feesmaal gehou vir die oudstes, en hulle het daardie hele nag lank tot die God van Israel om hulp gebid.

7

Beleëring van die stad Betulua

¹ Die volgende oggend het Holofernes* sy hele leër en sy hele volk, wat by sy geallieerde magte aangesluit het, beveel om die kamp te ontruim

*6:15 Simeon: Gen 29:33

*6:18-19 Judit 4:12

*7:1 Holofernes: Judit 2:4

en teen Betulua* op te trek, vooraf beheer te verkry van die bergpasse en oorlog te voer teen die Israeliete. ² Op daardie selfde dag is elke weerbare man gemobiliseer; hulle aanvalsmag het, benewens die toerusting en die manne onder hulle wat te voet was, bestaan uit honderd-en-sewentigduisend voetsoldate en twaalfduisend berede soldate — 'n baie groot menigte. ³ Hulle het in die vallei naby Betulua kamp opgeslaan, by die fontein, en het hulleself versprei, in die breedte vanaf Dotan* tot by Belbaim, en in die lengte vanaf Betulua tot by Kuamon, wat teenoor die Esdrelonvlakte^o lê. ⁴ Die Israeliete het, toe hulle die menigte sien, gesidder van vrees en die een het vir die ander gesê: “Nou gaan hulle die hele land kaalstroop; nie die hoogste berge of die dale of die heuwels sal hulle druk kan weerstaan nie.” ⁵ Tog het almal hulle wapens gegryp en vure aangesteek op hulle torings en daardie hele nag lank wag gehou. ⁶ Op die tweede dag het Holofernes sy volle ruitery uitgelei ten aanskoue van die Israeliete in Betulua. ⁷ Hy het die toegange na hulle stad besigtig; hy het die waterbronne nagery en dit dadelik geannekseer en afdelings soldate daarvoor aangestel, terwyl hy self na sy volk teruggekeer het. ⁸ Toe het al die aanvoeders van die seuns van Esau^p en al die leiers van die volk van Moab en die generaals van die kusstreek na hom gekom en gesê: ⁹ “Laat ons heerser tog luister na ons plan, sodat u aanvalsmag nie verliese ly nie. ¹⁰ *Want hierdie volk, die Israeliete, vertrou immers nie op hulle spiese nie, maar op die hoogte van die berge waarop hulle woon, want dit is nie maklik om die kruin van hulle berge te bereik nie. ¹¹ Daarom, o heerser, moet u nie

*7:1 Betulua: Judit 4:6; 6:10,14

*7:3 Dotan: Judit 3:9; 4:6; 8:3

^o7:3 Esdrelonvlakte: 'n Ander naam vir die Vallei van Jisreël.

^p7:8 seuns van Esau: Edomiete.

*7:10 1 Kon 20:23

teen hulle oorlog maak in gewone slagordes nie; daar sal nie een man van u volk sneuwel nie. ¹² Wag in u kamp en hou al die manskappe van u aanvalsmag terug; laat u dienaars beheer hou van die fontein wat aan die voet van die berg ontspring, ¹³ want daarvandaan kry al die inwoners van Betulua water. Die dors sal hulle vernietig en hulle sal hulle stad oorgee, terwyl ons en ons volk sal opgaan na die kruine van die nabygeleë berge en kamp opslaan daar bo, waghou en toesien dat nie een man uit die stad ontsnap nie. ¹⁴ Hulle en hulle vroue en kinders sal wegkwyn van honger; ja, nog voordat die swaard hulle tref, sal hulle versprei lê in die strate van hulle woonplek. ¹⁵ So sal u hulle swaar laat boet omdat hulle gerebelleer het en u nie in vrede opgesoek het nie.”

¹⁶ Hulle woorde het Holofernes en al die ampsdraers by hom geval, en hy het beveel dat daar gemaak word soos hulle sê. ¹⁷ Die Ammoniete,* en saam met hulle vyfduisend Assiriërs, het toe die kamp ontruim en gaan kamp opslaan in die vallei, en die waterleidings en fonteine wat aan die Israëliete behoort, geannekseer. ¹⁸ *Die seuns van Esau en die Ammoniete het opgetrek en kamp opgeslaan tussen die berge teenoor Dotaim. Hulle het van hulle manne na die suide en na die ooste gestuur, in die rigting van Engrebel, wat naby Goes aan die Mogmoerspruit is. Die res van die Assiriese leër het op die vlakte gekampeer en die hele oppervlak van die land bedek. En hulle tente en toerusting het 'n groot kamp gevorm; hulle was 'n baie groot menigte. ¹⁹ Die Israëliete het hardop tot die Here hulle God geroep, want hulle was mismoedig, aangesien al hulle vyande hulle omring het en daar geen manier was om hulle te ontvlug nie. ²⁰ Die ganse Assiriese leër — voetsoldate, strydwaens en ruitery — het hulle vier-en-dertig dae lank omsingel. Toe was al die waterkruike van al die inwoners van Betulua leeg. ²¹ Selfs die

*7:17 Ammoniete: Gen 19:38

*7:18 Judit 15:11

waterputte was besig om op te droog, en hulle het nie eers genoeg water gehad om hulle dors vir 'n enkele dag te les nie, want daar is afgemete hoeveelhede aan hulle gegee om te drink. ²² Hulle kindertjies was kragteloos; die vroue en jong manne was flou van die dors en het in die strate van die stad en die deurgange van die poorte omgeval; daar was geen krag in hulle oor nie. ²³ *Toe het die hele volk — jong manne, vroue en kinders — by Ussia en die leiers van die stad* saamgedrom, en met 'n harde stem uitgeroep* en voor al die oudstes gesê: ²⁴ “Laat God oor julle en ons oordeel, want julle het ons 'n groot onreg aangedoen deur nie vrede met die Assiriërs te sluit nie. ²⁵ *Nou het ons niemand om ons te help nie. Maar God het ons verkoop in hulle hande^q om voor hulle uitgesprei te lê, te midde van groot dors en verwoesting. ²⁶ Roep hulle dan nou en gee die hele stad oor as buit aan die volk van Holofernes en aan sy hele leërmag, ²⁷ want dit sal vir ons beter wees om deur hulle weggevoer te word. Ons sal wel slawe word, maar ons^r sal leef en ons sal nie met ons eie oë die dood van ons suigeling aanskou en sien hoe ons vroue en kinders omkom nie. ²⁸ Ons roep die hemel en die aarde en ons God en die Here van ons vaders, as getuie teen julle in. Dit is Hy wat ons vir ons sondes en vir die oortredings van ons vaders straf. Mag Hy nie handel volgens hierdie woorde^s wat ons vandag, op hierdie dag, gespreek het nie!” ²⁹ Daar was dwarsdeur die vergadering 'n

*7:23-28 Eks 16:2-3; 17:1-4

*7:23 leiers ... stad: Judit 6:15

*7:23 harde ... uitgeroep: Judit 7:29

*7:25 Est 7:4

^q7:25 verkoop ... hande: Dui op slawehandel.

^r7:27 ons: Letterlik 'siel'. Dit verwys hier na die mens in sy totale bestaan.

^s7:28 hierdie woorde: Vgl Judit 7:25.

groot geweeklaag onder almal, en hulle het met 'n harde stem tot die Here God geroep.* ³⁰ Maar toe sê Ussia vir hulle: “Hou moed, broers; laat ons nog vyf dae uithou. Die Here, ons God, sal in hierdie tyd sy medelye met ons betoon, want Hy sal ons nie vir altyd in die steek laat nie. ³¹ Maar as die tyd verby is en ons het nie hulp ontvang nie, sal ek handel ooreenkomstig julle woorde.” ³² Toe het hy die volk uitmekaar laat gaan, elkeen na sy eie plek. Hulle het weggegaan na die mure en die torings van hulle stad, en die vroue en kinders na hulle huise gestuur. Groot verslaentheid het in die stad geheers.

8

Bekendstelling van Judit

¹ *In daardie tyd het Judit hiervan gehoor. Sy was die dogter van Merari, seun van Os, seun van Josef, seun van Osiël, seun van Elkia, seun van Ananias, seun van Gideon, seun van Rafain, seun van Agitob, seun van Elia, seun van Hilkija, seun van Eliab, seun van Natanael, seun van Selumiël, seun van Suri-Saddai, seun van Israel. ² Haar man, Manasse, wat uit dieselfde stam en familie afkomstig was, is tydens die garsoes oorlede. ³ Hy het naamlik toesig gehou oor die gerfbinders op die vlakte, toe die siedende hitte hom oorval. Hy het op sy bed neergeval en in sy dorp Betulua gesterf.* Hulle het hom by sy voorvaders in die veld tussen Dotan* en Balamon begrawe. ⁴ Judit het drie jaar en vier maande lank as weduwee in haar huis bly woon. ⁵ *Sy het vir haar 'n tent opgeslaan op die

*7:29 harde ... geroep: Judit 7:23

*8:1 Num 1:4-15; Judit 9:2

*8:3 Hy het naamlik ... gesterf: Vgl 2 Kon 4:18-20

*8:3 Dotan: Judit 3:9; 4:6; 7:3

*8:5 Vgl Judit 4:10-11

dak van haar huis,* 'n roukleed^t om haar middel gedraai en haar weduweeklere bo-oor gedra. ⁶ Sy het vir die volle duur van haar weduweeskap gevas,* behalwe op die dag voor die Sabbat en op die Sabbat self, op die dag voor nuwemaan en op nuwemaan self, en ook nie gedurende die feeste en vreugdevieringe van die huis van Israel nie. ⁷ Judit het 'n mooi figuur gehad en 'n beeldskone gesig. Haar man, Manasse, het vir haar goud en silwer, slawe en slavinne, vee en grond, waar sy bly woon het, nagelaat. ⁸ Niemand kon 'n slegte woord oor haar sê nie, want sy het groot ontsag vir God gehad. ⁹ Judit het gehoor van die slegte dinge wat die volk teen die leier gesê het* toe hulle al moedeloos was weens die tekort aan water,* en sy het ook alles gehoor wat Ussia gesê het toe hy hulle met 'n eed beloof het dat hy die stad ná vyf dae aan die Assiriërs sou oorgee.* ¹⁰ Sy het haar getroue slavin, wat in beheer was van al haar besittings,* gestuur en vir Ussia,^u Gabris en Garmis, die Oudstes van haar stad,^v laat roep. ¹¹ Hulle het na haar gekom en sy het vir hulle gesê: “Luister tog na my, leiers van die inwoners van Betulua. Dit wat julle vandag vir die volk gesê en selfs bevestig het met 'n eed wat volgens julle tussen God en julle bestaan, is nie reg nie; julle het naamlik onderneem om die stad aan ons vyande oor te gee as die Here ons nie

*8:5 dak ... huis: Vgl Hand 10:9

^t8:5 roukleed: As teken van rou, is growwe klere van bokhaar aangetrek.

*8:6 Sy het ... gevas: Judit 4:13

*8:9 slegte dinge ... gesê het: Judit 7:23-27

*8:9 tekort aan water: Judit 7:7-21

*8:9 ná 5 ... oorgee: Judit 7:30

*8:10 getroue slavin ... besittings: Judit 16:23; vgl Gen 34:2

^u8:10 Ussia: Word nie in die Griekse •bronteks vermeld nie, maar wel in die •Vulgaat; vgl Judit 8:28,35.

^v8:10 Oudstes ... stad: Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het; vgl Judit 10:6; 13:12.

binne die volgende dae tot hulp kom nie. ¹²*Wie is julle tog nou wat vandag, op hierdie dag, vir God beproef het en julle in God se plek gestel het oor mense se sake? ¹³Julle stel nou die Here, die Almagtige, op die proef, maar julle sal tot in ewigheid niks wys word nie. ¹⁴*Want julle kan nie die diepte van 'n mens se hart peil of die gedagtes van sy verstand begryp nie. Hoe wil julle dan God, wat al hierdie dinge gemaak het, peil en sy verstand begryp en sy redenering verstaan?* Beslis nie, broers; moenie die Here ons God kwaad maak nie! ¹⁵Want selfs as God ons nie binne vyf dae wil help nie, het Hy die mag om ons te beskerm, of om ons te vernietig voor die oë van ons vyande. ¹⁶*Moenie die bedoelings van die Here ons God probeer bind nie, want God kan nie soos 'n mens gedreig word of soos 'n mensekind met smeking oorgehaal word nie. ¹⁷Laat ons daarom tot Hom roep om hulp terwyl ons wag vir die redding wat van Hom af kom; Hy sal ons geroep verhoor indien dit Hom behaag. ¹⁸*Want nog nooit in ons geslag, en ook nie vandag, op hierdie dag, was daar by ons enige stam of familie of distrik of stad wat gode aanbid wat, soos in vroeër tye, met die hand gemaak is nie. ¹⁹Dit is die rede waarom ons vaders uitgelewer is aan die swaard en plundering, en 'n groot nederlaag gely het voor ons vyande. ²⁰Maar ons, ons ken geen ander god as Hy nie, en daarom hoop ons dat Hy nie ons, of enigeen van ons geslag, sal verwerp nie. ²¹Want as ons so ingeneem word, sal die hele Judea ingeneem word^w en ons heiligdom^x sal geplunder word. Hy sal ons bloed

*8:12 Vgl Eks 17:2; Deut 6:16

*8:14 Ps 139:17; Jes 55:8-9; Jer 29:11; 1 Kor 2:11

*8:14 Hoe ... verstaan: Job 38:2; 42:3; Rom 11:33-34; 1 Kor 2:16

*8:16 Num 23:19; 1 Sam 15:29

*8:18-20 Ps 44:17-18; 106:13; Judit 5:20-21; 11:10

^w8:21 sal ... word: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

^x8:21 heiligdom: Letterlik 'heilige dinge', maar die verwysing is na die •tempel in Jerusalem. Dit is deurgaans so in die Makkabese boeke.

eis vir die ontheiliging daarvan.²² En die slagting onder ons broers, die inbesitname van die land en die verwoesting van ons erfdeel sal Hy op ons koppe laat neerkom onder die nasies waar — as ons daar as slawe dien — ons 'n aanstoot en 'n skande sal wees vir hulle wat ons besit.

²³ Want ons slawerny sal nie in ons guns tel nie, intendeel, die Here ons God sal dit tot skande maak.²⁴ Daarom, broers, laat ons dan nou vir ons mense 'n voorbeeld stel, want hulle lewe hang van ons af. Die heiligdom en die huis^y en die altaar is afhanklik van ons.²⁵ **Laat ons, ten spyte van al hierdie dinge, die Here ons God dank wat vir ons, net soos vir ons voorvaders, op die proef stel.²⁶ Onthou wat Hy met Abraham gedoen het, hoe Hy vir Isak getoets het en wat met Jakob in Mesopotamië in Sirië^z gebeur het toe hy skape opgepas het vir Laban, sy ma se broer.²⁷ *Want Hy het ons nie met vuur getoets soos vir hulle toe Hy hulle hart ondersoek het nie, en Hy het hom nie op ons gewreek nie, maar die Here louter diegene wat tot Hom nader om hulle te vermaan.”²⁸ Toe antwoord Ussia haar: “Alles wat jy gesê het, het jy met 'n goeie hart gesê, en niemand kan jou woorde teenstaan nie.²⁹ Want dit is ook nie vandag die eerste keer dat jou wysheid duidelik spreek nie. Van die begin van jou lewe af het die hele volk jou insig besef, want die gesindheid van jou hart is goed.

³⁰ *Maar die volk versmag van die dors en hulle het ons verplig om te doen wat ons hulle beloof het, en 'n eed te sweer wat ons nie sal kan verbreek nie.³¹ *Nou moet jy, wat 'n vroom vrou is, vir ons bid en die Here sal die

^y**8:24 huis:** Kan moontlik na die tempel verwys.

***8:25** Deut 8:5; Spr 3:11-12

***8:25-26** Gen 22:1-19; 28:5; 29:14-30

^z**8:26 Mesopotamië in Sirië:** 'n Streek aan die westekant van Sirië, maar oos van die Eufraatrivier — vandag in die suide van Turkye.

***8:27** Spr 17:3

***8:30** Judit 8:7; 10:7,14,19,23; 11:21,23; 12:13

***8:31** Judit 7:21-22

reën stuur om ons waterputte vol te maak en ons sal nie langer flou val van die dors nie.”³² Toe sê Judit vir hulle: “Luister na my! Ek gaan iets doen wat van geslag tot geslag aan al ons nakomelinge oorgedra sal word.³³ Julle moet vannag by die stadspoort staan en ek en my slavin sal uitgaan, en voor die tyd aanbreek waarop julle beloof het om die stad aan ons vyande oor te gee, sal die Here Israel deur my hand* verlos.³⁴ Maar julle moenie probeer agterkom wat ek gaan doen nie, want ek sal nie vir julle sê voordat dit wat ek gaan doen, afgehandel is nie.”³⁵ Ussia en die leiers sê toe vir haar: “Gaan in vrede, en mag die Here God voor jou uitgaan om wraak te neem op ons vyande!”*³⁶ Hulle het toe van haar tent af weggegaan en na hulle krygsposte teruggekeer.

9

¹ Judit het toe op haar gesig neergeval, as op haar kop gestrooi en die roukleed^a wat sy aangehad het, afgestroop. Op dieselfde tyd as wat die •wierookoffer vir daardie aand in Jerusalem in die huis van God gebring is,* het Judit met 'n harde stem tot die Here geroep en gesê: ²“Here, God van my voorvader Simeon,* vir wie U 'n swaard in die hand gegee het om wraak te neem op die vreemdelinge wat 'n maagd se skoot oopgemaak het om haar te verontreinig, haar dye ontbloot het om skande oor haar te bring en haar skoot besoedel het om haar te verneder* — U het immers

*8:33 deur my hand: Judit 9:9-10; 12:4; 13:4,14-15; 15:10; 16:5

*8:35 wraak ... vyande: Judit 13:14; 15:10; 16:5; vgl Rig 4:9

^a9:1 roukleed: Die “as” en “roukleed” verwys na die kulturele gebruik in Israel om as op die kop te strooi en growwe klere van bokhaar te dra as teken van smart of berou.

*9:1 Op ... gebring is: Eks 30:8; Ps 141:2

*9:2 Simeon: Gen 29:33

*9:2 voorvader Simeon ... verneder: Gen 34:25

gesê, ‘Dit mag nie so wees nie,’ en tog het hulle dit gedoen. ³ Daarom het U hulle heersers oorgegee om doodgemaak te word en om hulle bed — waarop ontering gepleeg is en waaroor skaamte gewek is — met bloed deurdrenk te laat word;^b U het slawe saam met eienaars doodgemaak, en ook maghebbers op hulle trone. ⁴ U het hulle vroue oorgegee as buit, hulle dogters tot gevangenskap verdoem en al hulle oorlogsbuit gegee om verdeel te word onder u geliefde kinders wat met ywer vir U besiel was. Die kinders is met afgryse vervul oor die ontering van hulle bloed en het tot U geroep om hulp. O God, my God, luister tog na my, die weduwee! ⁵ Want U het daardie dinge gedoen, sowel as die dinge daarvóór en daarná; U het die dinge beplan wat nou gebeur en dit wat nog kom. Wat U in gedagte gehad het, het plaasgevind, ⁶ * en die dinge waarop U besluit het, het te voorskyn gekom en gesê, ‘Hier is ons!’, want al u paaie is gereedgemaak, en u oordeel kom met voorkennis. ⁷ * Want kyk, die Assiriërs het vermenigvuldig deur hulle mag; hulle het roem verwerf deur hulle perde en ruiters, hulle het gespog met die mag van hulle voetsoldate, en hulle het vertrou gestel in skild, spies, boog en slingervel. Hulle het egter nie besef dat U die Here is wat oorloë beëindig nie. ⁸ * Here is u Naam! Verbreek U hulle mag deur u krag en verbreek hulle sterkte met u woede! Want hulle was van plan om u heiligdom^c te verontreinig, om die plek waar u heerlike Naam woon, te besoedel en

^b9:3 **Daarom ... laat word:** Dit verwys na Dina se verkragting; vgl Gen 34:25-26.

*9:6 Jes 42:9; 44:7; 46:9-10

*9:7 Ps 33:16-17; 2 Mak 8:18

*9:7 **Hulle ... beëindig nie:** Judit 16:3

^c9:8 **heiligdom:** Letterlik ‘heilige dinge’, maar die verwysing is na die •tempel in Jerusalem. Dit is deurgaans so in die Makkabese boeke.

om met die swaard die horing van u altaar af te kap. ⁹ Kyk hoe verwaand is hulle,* rig u woede teen hulle koppe; maak my hand, die hand van die weduwee, sterk vir wat ek beplan het! ¹⁰ Tref deur die bedrog van my lippe die slaaf saam met die regeerder en die regeerder saam met sy ampsdraer; vernietig hulle verwaandheid deur die hand van 'n vrou! ¹¹ *Want u mag setel nie in getalle nie, en u krag nie in menslike vermoë nie, maar U is die God van die nederiges, helper van die geringes, beskermmer van die swakkes, verdediger van dié wat aan hulle lot oorgelaat is, redder van die wanhopiges. ¹² Ja, waarlik, God van my vader en God van die erfdeel van Israel, Here^d van die hemele^e en die aarde, Skepper van die waters, Koning van u ganse skepping — luister tog na my smeekgebed ¹³ en sorg dat my misleidende woord* diegene verwond en skend wat erge dinge beplan het teen u verbond,^f teen u heilige woning, teen die piek van Sion en teen u kinders se woning. ¹⁴ *Bring insig by u hele nasie, ja, by elke stam, sodat hulle kan beseef dat U God is, die God van alle mag en krag, en dat daar niemand anders as U is wat die geslag van Israel beskerm nie.”

10

¹ Nadat sy opgehou het om tot die God van Israel te roep, en al hierdie

*9:9 Kyk ... is hulle: Judit 5:23; 6:2

*9:10 deur ... 'n vrou: Judit 8:33; 12:4; 13:4,14-15; 15:10; 16:5; vgl Rig 4:9

*9:11 Ps 33:16-18; 147:10

^d9:12 Here: Die Griekse woord hier is *despotes*. Gewoonlik is dit die woord *kurios* wat vertaal word as “Here”.

^e9:12 hemele: Volgens die antieke wêreldbeeld was daar verskillende hemele, waaronder die wolkehemel, die sterreheemel en die derde hemel waar God woon.

*9:13 my ... woord: Judit 11:20,23

^f9:13 verbond: Waarskynlik word verwys na die verbondsark.

*9:14 2 Kon 19:19

woorde afgesluit het, ² *het Judit opgestaan van waar sy gelê het. Sy het haar diensmeisie geroep en afgegaan in haar huis in waar sy haar sabbatstye en feestye deurgebring het. ³ Sy het die roukleed^g wat sy aangehad het, verwyder, haar weduweeklere afgestroop, haar liggaam gewas met water en ingevryf met mirreroom.^h Sy het haar hare gekam en 'n haarband opgesit. Sy het die feesklere aangetrek wat sy gedra het in die tyd toe haar man, Manasse, nog geleef het. ⁴ *Sy het sandale vir haar voete gekies, en enkelkettinkies, armbande, ringe, ooringe en al haar ander juwele aangesit. Sy het haar baie mooi gemaak om die oë te bekoor van mans wat haar moontlik sou sien. ⁵ Sy het vir haar diensmeisie 'n leersakⁱ met wyn en 'n kruik olie gegee en sy het 'n reissak^j volgemaak met gort, gedroogde vrugte^k en brode van fyn gemaalde meel* en sy het al haar houers volgemaak en op haar diensmeisie gesit. ⁶ Toe het hulle uitgegaan na die stadspoort van Betulua en vir Ussia en die Oudstes van die stad,* Gabris en Garmis, aangetref wat by die poort staan. ⁷ Toe hulle haar sien, hoe haar voorkoms verander het en dat sy 'n ander stola^l dra, is hulle getref deur

*10:2-3 Judit 8:5

^g10:3 roukleed: As teken van rou, is growwe klere van bokhaar aangetrek.

^h10:3 mirreroom: Letterlik 'dik •mirre'. Dit verwys na 'n produk verkry van die struik van die mirrefamilie wat soos parfuim gebruik is.

*10:4 Gen 24:22; Judit 8:7; 10:7,14,19,23; 11:21,23; 12:13

ⁱ10:5 leersak: Gewoonlik van 'n volle skaap- of bokvel gemaak en kon gevul word met water of wyn.

^j10:5 reissak: 'n Drasak gemaak van leer of weefstof; vgl Matt 10:10.

^k10:5 gedroogde vrugte: Gewoonlik vye of rosyne wat gedroog is en dan saamgepers is in blokke.

*10:5 gort ... meel: Vgl Dan 1:8-16

*10:6 Oudstes ... stad: Judit 8:10; 13:2

^l10:7 stola: 'n Lang gewaad wat tot op die voete strek; •Kleredrag.

haar skoonheid en sê hulle vir haar: ⁸“Mag die God van ons vaders aan jou guns betoon en jou planne suksesvol maak sodat Israel roem kan verwerf en Jerusalem vereer kan word.”

Uitvoering van Judit se plan

⁹Sy het neergebuig voor God, en toe vir hulle gesê: “Gee opdrag dat die poort van die stad vir my oopgemaak word, en ek sal uitgaan om die dinge af te handel wat julle met my bespreek het.” Hulle het die jong manne aangesê om vir haar oop te maak soos sy gevra het, ¹⁰ en hulle het so gemaak. Judit het uitgegaan, sy en haar diensmeisie saam met haar. Die mans van die stad het na haar bly kyk totdat sy teen die berg af was, deur die vallei gegaan het en hulle haar nie meer kon sien nie. ¹¹ Terwyl hulle sonder om af te draai deur die vallei gegaan het, het 'n groep verkenners van die Assiriërs haar raakgeloop. ¹² Hulle het haar gevange geneem en ondervra: “Wie is jou mense, waar kom jy vandaan en waar gaan jy heen?” Sy het geantwoord: “Ek is 'n dogter van die Hebreërs, maar ek vlug van hulle af weg, want hulle is op die punt om aan julle oorlewer en verslind te word. ¹³ Ek is op pad na Holofernes, die opperbevelvoerder van julle leërmag, om die waarheid aan hom mee te deel en vir hom 'n pad te wys waarlangs hy kan gaan om die hele bergland oor te neem, sonder dat 'n enkele manskap of ander lewende wese verlore gaan.” ¹⁴ Toe die manne haar woorde hoor en na haar gesig staar — sy was in hulle oë absoluut beeldskoon — het hulle vir haar gesê: ¹⁵ “Jy het jou lewe gered deur haastig na ons leier te kom. Gaan nou na sy tent toe; sommige van ons sal jou begelei tot hulle jou in sy hande oorlewer. ¹⁶ Wanneer jy voor hom staan, hoef jou hart nie te sidder nie; herhaal wat jy hier gesê het, en hy sal jou goed behandel.” ¹⁷ Hulle het honderd man uit hulle geledere gekies en aan haar en haar diensmeisie toegewys, en dié het hulle begelei tot by die tent van Holofernes. ¹⁸ Die hele kamp was in beroering, want die berig van haar

aankoms het van tent tot tent versprei. Die manskappe het gekom en, waar sy buite Holofernes se tent gestaan het, om haar saamgedrom terwyl van hulle hom van haar vertel. ¹⁹ Hulle was verstom oor haar skoonheid en oor haar het hulle die Israeliete bewonder. Hulle sê toe vir mekaar: “Wie kan hierdie volk verag as hulle sulke vroue in hulle midde het? Want dit is nie goed dat een van hulle mans gespaar word nie; dié wat oorbly, sal die ganse wêreld kan uitoorlê.” ²⁰ Toe het Holofernes se wagte en al sy ampsdraers uitgekom en haar die tent binnegelei. ²¹ Holofernes was besig om te rus op sy kampbed, onder 'n muskietnet wat deurweef was met purperstof en goud en smaragde en edelstene. ²² Toe hulle hom van haar sê, het hy uitgekom na die voortent, en silwer lampe is voor hom uitgedra. ²³ Toe Judit voor hom en sy ampsdraers verskyn, was hulle almal verbaas oor haar skoonheid. Sy het op haar gesig neergeval en eerbied aan hom betoon, maar sy diensknegte het haar opgehelp.

11

¹ Toe sê Holofernes vir haar: “Hou moed, vrou, moenie vrees in jou hart koester nie, want ek het nog nooit 'n mens kwaad aangedoen wat bereid was om koning Nebukadnesar,^m koning van die ganse aarde*, te dien nie. ² Selfs nou, as jou volk wat die bergstreek bewoon, my nie beledig het nie,* sou ek nooit my spies teen hulle opgeneem het nie. Hulle het egter hierdie dinge oor hulleself gebring. ³ Maar vertel nou vir my, waarom het jy van hulle af weggevlug en na ons gekom? Want hier is jy veilig. Hou

^m**11:1 Nebukadnesar:** Die verwysing na Nebukadnesar is anachronisties aangesien hy van 605-562 vC regeer, Jerusalem in 587/586 vC verower en die Joodse volk eers lank na sy dood teruggekeer het. Hy was koning van Babilonië, nie van Assirië nie.

***11:1 Nebukadnesar ... aarde:** Judit 6:4

***11:2 my ... het nie:** Judit 1:7-12

moed, teen vanaand sal jy nog leef, en ook daarna. ⁴ Daar is immers niemand wat jou kwaad sal aandoen nie, intendeel, elke liewe een sal jou goed behandel, net soos dit die geval is met die dienaars van my heer, koning Nebukadnesar.” ⁵ Judit het hom toe geantwoord: “Aanvaar die woorde van u slavin, en laat u dienares praat in u teenwoordigheid; ek sal nie vannag 'n leuen aan my heer vertel nie. ⁶ En as u optree ooreenkomstig die woorde van u dienares, sal God deur u die saak perfek laat afloop en my heer sal nie in sy doelwitte faal nie. ⁷ *Sowaar as koning Nebukadnesar, koning van die ganse aarde, leef, en by sy mag, hy wat vir u gestuur het om elke lewende wese ordelik te bestuur; nie alleen dien mense hom danksy u nie, maar selfs die wilde diere van die veld en ook die mak diere en die voëls van die hemel sal, vanweë u krag, onder Nebukadnesar en sy hele huis leef! ⁸ Ons het immers gehoor van u wysheid en dat u skrande van geesⁿ is, en dit is oor die hele aarde bekend dat net u in die hele koninkryk goed is, magtig in kennis en uitsonderlik in oorlogvoering. ⁹ *En nou, wat betref Agior se betoog wat hy voor u krygsraad^o gelewer het — ons het sy woorde gehoor, want die manne van Betulua het hom gespaar, en hy het hulle alles meegedeel wat hy vir u gesê het. ¹⁰ Daarom, my heer en meester, moenie sy betoog verontagsaam nie, maar neem dit ter harte, want dit is waar. Ons geslag kan nie gestraf word nie, en die swaard kan hulle nie oorwin nie, behalwe as hulle teen hulle God sondig. ¹¹ Maar nou — sodat my heer nie gedwarsboom word en onsuksesvol is nie — die dood sal hulle oorval,

* **11:7** Jer 27:5-6; Dan 2:37-38

ⁿ**11:8 gees:** Letterlik ‘siel’. Dit verwys hier na die mens se verstandelike potensiaal en ingesteldheid.

* **11:9** Judit 5:5-21

^o**11:9 krygsraad:** Letterlik ‘sanhedrin’. Dieselfde woord word in die NT gebruik vir die Joodse Raad; •Sanhedrin.

want 'n sonde het hulle oorweldig waardeur hulle hulle God gaan vertoorn wanneer hulle ook al die wandaad pleeg. ¹² Aangesien hulle kos opgeraak en al die water skaars geraak het,* het hulle beplan om hulle diere te slag en besluit om alles te gebruik wat God hulle in sy wette verbied het om te eet.* ¹³ Hulle het hulle voorgeneem om die eerste graanopbrengste* en die tiendes van die wyn- en olyfoes* te gebruik, wat hulle gewy het en afgestaan het aan die priesters wat in Jerusalem in die teenwoordigheid van ons God diens doen — dinge waaraan niemand uit die volk met die hande mag raak nie.* ¹⁴ Toe het hulle boodskappers na Jerusalem gestuur — want ook die mense wat daar woon, het hierdie dinge gedoen — om toestemming van die Raad van Oudstes te kry. ¹⁵ En dit sal gebeur dat wanneer iemand die berig aan hulle sou bring en hulle daarvolgens handel — op presies daardie dag, sal hulle aan u uitgelewer word om vernietig te word. ¹⁶ Daarom, toe ek, u slavin, al hierdie dinge te wete gekom het, het ek van hulle af weggevlug. God het my gestuur om saam met u dinge te vermag waaroor die hele aarde, wie ook al daarvan sou verneem, verstom sal staan. ¹⁷ Want u slavin is godvresend en dien dag en nag^p die God van die hemel.* Maar nou sal ek by u bly, my heer; u slavin sal snags uitgaan na die vallei en tot God bid,* en Hy sal my meedeel wanneer hulle hulle sondes gepleeg het. ¹⁸ Dan sal ek kom en dit aan u berig. U moet dan optrek met u hele leërmag; daar is nie een van hulle wat teen u weerstand sal kan bied nie. ¹⁹ Ek sal u

* **11:12 kos opgeraak ... geraak het:** Judit 7:7-21

* **11:12 wat God ... eet:** Lev 11

* **11:13 eerste graanopbrengste:** Eks 23:16

* **11:13 tiendes ... olyfoes:** Lev 27:30

* **11:13 dinge ... raak nie:** Lev 2:3

^p**11:17 dag en nag:** Letterlik ‘•nag en dag’.

* **11:17 Want ... hemel:** Judit 5:8

* **11:17 snags ... bid:** Judit 12:5-7

dwarsdeur Judea lei totdat u teenoor Jerusalem kom, en ek sal u troon in die middel van die stad plaas; u sal hulle lei soos skape wat geen herder het nie,* en geen hond sal vir u grom nie. Dit is as voorkennis aan my bekend gemaak; dit is aan my oorgedra, en ek is gestuur om aan u te rapporteer.”²⁰ Haar woorde het Holofernes en al sy ampsdraers behaag. Hulle was verbaas oor haar wysheid en het gesê:²¹ “Van die een kant van die aarde tot die ander is daar nie nog so 'n vrou met so 'n mooi voorkoms en sulke wyse woorde nie!”²² Toe sê Holofernes vir haar: “God het 'n goeie ding gedoen deurdat Hy jou voor die volk uitgestuur het om ons hande te sterk sodat hulle wat my heer verag, vernietig kan word.²³ En nou — jy is mooi van voorkoms en kan jou woord goed doen. As jy doen wat jy gesê het, sal jou God my God wees;* jy sal in koning Nebukadnesar se paleis woon en beroemd wees oor die hele aarde.”

12

¹ Toe het Holofernes^q* beveel dat sy ingebring word na waar sy silwereetgerei geplaas was en opdrag gegee dat vir haar tafel gedek word met van sy geregte, en van sy wyn om te drink.²* Judit sê toe: “Ek kan nie daarvan eet nie, want ek is bang ek sal so oortree, maar van dit wat ek saambring het, kan aan my voorgesit word.”³ Holofernes vra toe vir haar: “As jou voorraad opraak, waar sal ons iets soortgelyks kry om vir jou te gee? Want daar is niemand van jou volk onder ons nie.”⁴ Judit sê vir hom: “So seker as u leef, my heer, sal u slavin nie die voorraad by haar opgebruik voordat die Here deur my hand* doen wat

*11:19 skape ... het nie: 1 Kon 22:17; Matt 9:36

*11:23 sal ... wees: Rut 1:16

^q12:1 Holofernes: Letterlik ‘hy’.

*12:1 Holofernes: Judit 2:4

*12:2 Dan 1:8

*12:4 deur my hand: Judit 8:33; 9:9-10; 13:4,14-15; 15:10; 16:5

Hy besluit het nie.”⁵ Daarop het Holofernes se ampsdraers haar na die tent geneem, en sy het tot middernag geslaap. Teen die vroegoggendwagbeurt het sy opgestaan.⁶ Sy het toe 'n versoek na Holofernes gestuur: “Laat my heer tog opdrag gee dat u slavin toegelaat word om uit te gaan om te bid.”⁷ Holofernes het toe die lyfwag beveel om haar nie te keer nie.* Sy het drie dae lank in die kamp gebly. Snags het sy uitgegaan na die vallei van Betulua en by die fontein in die kamp gebad.⁸ Wanneer sy uitgekom het, het sy tot die Here God van Israel gebid om haar pad reguit te maak ter wille van die opheffing van die kinders van sy volk.⁹ Gereinig het sy dan ingegaan en in die tent gebly totdat sy haar aandete genuttig het.¹⁰ Op die vierde dag het Holofernes 'n drinkparty slegs vir sy diensknegte gehou. Hy het nie een van die amptenare aan diens na die maaltyd genooi nie.¹¹ *Hy het vir Bagoas, die eunug^r wat na al sy sake omgesien het, gesê: “Gaan oorreed die Hebreuse vrou wat onder jou sorg is om na ons te kom en saam met ons te eet en te drink.¹² Kyk, dit sal sowaar vir ons 'n skande wees as ons so 'n vrou laat gaan sonder om met haar omgang te hê, want as ons haar nie verlei nie, sal sy ons uitlag.”¹³ Bagoas het toe uit die teenwoordigheid van Holofernes weggegaan, na haar gegaan en gesê: “Laat hierdie mooi meisie tog nie huiwer om na my heer te kom nie — om vereer te word in sy teenwoordigheid, saam met ons wyn te drink vir vrolikheid en op hierdie dag soos een van die Assiriese dogters te

*12:6-7 Laat ... keer nie: Judit 11:17

*12:11 Vgl Est 2:2

^r12:11 eunug: 'n Ontmante haremopsigter of hofamptenaar wat veral in 'n paleis werksaam was; •Kamerheer.

word wat diens lewer in die paleis van Nebukadnesar.^s”¹⁴ Judit antwoord hom toe: “Wie is ek tog dat ek my heer sou teenspreek? Want enigiets wat in sy oë aangenaam is, sal ek dadelik doen, en dit sal vir my 'n plesier wees tot die dag van my dood.”¹⁵ Toe het sy opgestaan en haar met deftige klere en al haar vroulike versierings getooi. Haar slavin het voor haar uit gegaan en vir haar op die grond voor Holofernes die skaapvelle oopgesprei wat sy vir haar daaglikse gerief van Bagoas gekry het om daarop vir ete aan te leun.^t¹⁶ Hierna het Judit ingekom en vir ete gaan aanleun. Holofernes se hart het hewig geklop oor haar en hy was rasend opgewonde^u en uiters gretig om omgang met haar te hê. Hy het reeds vanaf die dag dat hy haar gesien het, gewag vir 'n geleentheid om haar te verlei.¹⁷ Holofernes sê toe vir haar: “Kom, drink en word vrolik saam met ons!”¹⁸ Judit het geantwoord: “Ek drink graag, heer, want dit is 'n groter dag in my lewe as al die dae sedert my geboorte.”¹⁹ Toe het sy dit wat haar slavin voorberei het,^{*} geneem en voor hom geëet en gedrink.²⁰ Holofernes was verheug oor haar en hy het 'n baie groot hoeveelheid wyn gedrink, meer as wat hy nog ooit sedert sy geboorte op een dag gedrink het.

13

¹ Toe dit laat begin word, het sy diensknegte hulle haastig onttrek. Bagoas het die tent van buite af toegemaak en só die dienaars uitgesluit

^s**12:13 Nebukadnesar:** Die verwysing na Nebukadnesar is anachronisties aangesien hy van 605-562 vC regeer, Jerusalem in 587/586 vC verower en die Joodse volk eers lank na sy dood teruggekeer het. Hy was koning van Babilonië, nie van Assirië nie.

^t**12:15 vir ete ... leun:** Mense het in Bybelse tye met feesmaaltye op hulle sy aangeleun om te eet.

^u**12:16 hy was ... opgewonde:** Letterlik ‘sy siel is geskud’.

^{*}**12:19 wat ... voorberei het:** Judit 12:2

van die teenwoordigheid van sy heer. Hulle het na hulle beddens gegaan, want almal was moeg omdat die fees baie lank aangehou het. ² Judit is alleen in die tent agtergelaat. Holofernes het vooroor op sy bed gelê, want hy was papdrunk. ³ Toe het Judit haar slavin aangesê om buitekant haar slaapplek te staan en wag tot sy uitkom, soos wat sy elke dag gedoen het, want, het sy gesê, sy sou uitgaan vir haar gebede. Sy het dié woorde ook vir Bagoas gesê. ⁴ Almal het weggegaan, en niemand, klein of groot, het in die slaapvertrek agtergebly nie. Judit het toe by sy bed gaan staan en in haar hart gesê: “Here, God van alle mag, sien tog in hierdie uur die werke van my hande* aan sodat Jerusalem daardeur verhoog kan word.* ⁵ Want dit is nou die regte tyd om u erfdeel by te staan en my onderneming te ondersteun om die vyande wat teen ons opgestaan het, te vernietig.” ⁶ Toe gaan sy na die bedstyl waar Holofernes se kop was, en haal sy swaard van hom af. ⁷ Sy het nader aan die bed gegaan, die hare van sy kop vasgegryp en gesê: “Gee vandag vir my krag, Here, God van Israel!” ⁸ *Toe het sy sy nek twee maal geslaan, met al haar krag — en sy het sy kop van sy lyf afgekap. ⁹ Sy het sy liggaam van die bed afgerol en die muskietnet van die bedstyl afgehaal. Kort daarna het sy uitgegaan en Holofernes se kop vir haar diensmeisie gegee. ¹⁰ *Sy het dit in haar reissak^v met die kosvoorrade* gesit. Toe het die twee saam uitgegaan, volgens hulle gebruik om te gaan bid. Hulle het deur die kamp gegaan, óm daardie vallei beweeg, teen die berg opgegaan na Betulua en by die poorte

*13:4 werke ... hande: Judit 8:33; 9:9-10; 12:4; 13:14-15; 15:10; 16:5

*13:4 Here ... word: Judit 8:33; 9:9

*13:8 Rig 4:21; 1 Sam 17:51

*13:10-20 Vgl Rig 4:17-24

^v13:10 reissak: 'n Drasak gemaak van leer of weefstof; vgl Matt 10:10.

*13:10 kosvoorrade: Judit 10:5

daarvan aangekom. ¹¹ Judit het van ver af geroep na die wagte by die poorte: “Maak oop! Maak oop die poort! God, ons God, is met ons* om nog steeds sy mag in Israel en sy krag teen die vyande te toon, soos Hy ook vandag gedoen het.”*

Oorwinning vir Israel en feesviering

¹² Toe die manne van haar stad haar stem hoor, het hulle hulle gehaas om af te gaan na die poort van hulle stad en hulle het die Oudstes van die stad^w bymekaargeroep. ¹³ Almal van hulle het saamgestroom, van klein tot groot, want haar terugkeer was vir hulle ongelooflik. Hulle het die poort oopgemaak en hulle verwelkom. Hulle het vuur aangesteek om lig te maak, en toe het hulle rondom Judit en haar diensmeisie^x saamgedrom. ¹⁴ *Toe sê sy met 'n harde stem vir hulle: “Prys, ja, prys God! Prys God wat nie sy barmhartigheid aan die huis van Israel onttrek het nie, maar ons vyande vannag deur my hand vernietig het!” ¹⁵ Toe haal sy die kop uit die reissak en wys dit en sê vir hulle: “Kyk, hier is die kop van Holofernes, opperbevelvoerder van die Assiriese leër, en kyk, die muskietnet waaronder hy in sy dronkenskap gelê het! Die Here het hom neergevel deur die hand van 'n vrou!* ¹⁶ Sowaar as die Here leef, wat my bewaar het op my pad wat ek geloop het: My voorkoms het hom verlei tot sy ondergang, sonder dat hy sonde met my gepleeg het tot my oneer en skande.” ¹⁷ Die hele volk was heeltemal verbysterd. Hulle het neergebuig, God aanbid en met een stem gesê:

*13:11 God, ons ... ons: Jes 8:10; Matt 28:20

*13:11 Maak ... gedoen het: Ps 24:7-10

^w13:12 Oudstes ... stad: Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het; vgl Judit 8:10; 10:6.

^x13:13 Judit ... diensmeisie: Letterlik ‘hulle’.

*13:14 Judit 9:10; 12:4; 13:4; 16:6

*13:15 hand ... vrou: Judit 8:33; 9:9-10; 12:4; 13:4; 15:10; 16:5

“Lofwaardig is U, ons God, wat op hierdie dag van vandag die vyande van u volk tot niet gemaak het.” ¹⁸ *Toe sê Ussia^y vir haar: “Geseënd is jy, dogter, voor die allerhoogste God, bo alle vroue wat op aarde is, en lofwaardig is die Here God, wat die hemele^z en die aarde geskep het, wat jou gelei het om die aanvoerder van ons vyande se kop af te kap. ¹⁹ Want die hoop wat jy gekoester het, sal tot in ewigheid nie wyk uit die harte van mense wat die krag van God onthou nie. ²⁰ Mag God dit vir jou toestaan as 'n ewigdurende eer, om jou te beloon met goeie dinge, aangesien jy nie jou lewe in ag geneem het toe ons geslag verneder is nie, en jy ons ondergang gewreek het terwyl jy 'n reguit pad voor ons God geloop het.” En die hele volk het gesê: “Mag dit so wees! Mag dit so wees!”

14

¹ Toe sê Judit vir hulle: “Luister na my, broers, vat hierdie kop en hang dit bo aan die borswering van julle stadsmuur.* ² Dan, sodra die dag breek en die son oor die aarde opkom, moet elkeen sy gevegsuitrusting neem en elke weerbare man moet uit die stad uitgaan; julle moet 'n aanvoerder oor hulle aanstel, asof julle gaan aftrek na die vlakke, na die buitepos van die Assiriërs, maar moenie werklik afgaan nie. ³ Dan sal hulle hulle wapenrusting gryp, na hulle kamp hardloop en die aanvoerders van die Assiriese leërmag wakker maak. Hulle sal na Holofernes se tent storm, maar hom nie kry nie; paniek sal hulle oorval en hulle sal van julle af

***13:18-20** Vgl Rig 5:24-31

^y**13:18 Ussia:** Dit beteken ‘die Here is my krag’; vgl Judit 13:19.

^z**13:18 hemele:** Volgens die antieke wêreldbeeld was daar verskillende hemele, waaronder die wolkehemel, die sterreheem en die derde hemel waar God woon.

***14:1 kop ... stadsmuur:** Vgl 1 Sam 17:54; 31:9-10; 2 Kon 10:7-8; 1 Mak 7:47; 2 Mak 15:35; Matt 14:11

wegvlug. ⁴ Julle en al die inwoners van elke streek in Israel moet hulle agtervolg en hulle op hulle paaie neerver. ⁵ Maar voordat julle dit doen, laat kom Agior* die Ammoniet na my sodat hy die man wat die huis van Israel verag het, kan sien en uitken — die man wat hom na ons gestuur het asof na sy dood.” ⁶ Hulle het toe vir Agior van Ussia se huis af ontbied. Toe hy kom en die kop van Holofernes sien* in die hande van een van die mans in die byeenkoms van die volk, het hy gesig eerste flou op die grond neergeslaan.^a ⁷ Toe hulle hom ophelp, het hy by Judit se voete neergeval en aan haar hulde gebring en gesê: “Geseënd is jy in al die tente van Juda; in elke nasie sal diegene wat jou naam hoor, sidder. ⁸ Vertel tog nou vir my wat jy in hierdie dae gedoen het.” Toe het Judit hom in die teenwoordigheid van die volk vertel van alles wat sy gedoen het — vanaf die dag waarop sy uitgegaan het tot op die dag waarop sy met hulle begin praat het. ⁹ Toe sy klaar gepraat het, het die volk met 'n harde stem geskreeu en van vreugde uitgeroep in hulle stad. ¹⁰ *Toe Agior alles sien wat die God van Israel gedoen het, het hy vas in God geglo. Hy, as onbesnedene, het hom laat besny en is opgeneem in die huis van Israel, tot op hierdie dag. ¹¹ Vroegoggend, net na dagbreek, het hulle die kop van Holofernes aan die stadsmuur gehang. Daarna het elke manskap sy wapens geneem en hulle het in hulle kohorte soldate^b uitgegaan na die bergpasse. ¹² Toe die Assiriërs hulle sien, het hulle 'n boodskap na hulle leiers gestuur, wat toe na die generaals en die afdelingshoofde en na

***14:5 Agior:** Judit 5:5

***14:6 kop ... sien:** Judit 6:5

^a**14:6 flou ... neergeslaan:** Letterlik ‘het hy op sy gesig geval en sy gees is losgemaak’.

***14:10** 2 Kon 5:17; Jes 56:6-7; vgl Deut 23:3

^b**14:11 kohorte soldate:** Afdelings soldate, wat uit 200 tot 1 000, maar gewoonlik 600 man, bestaan het; •Militêre terme.

elkeen van hulle offisiere gegaan het. ¹³ *Hulle het by Holofernes se tent gekom en vir die een in beheer van al sy persoonlike sake gesê: “Maak gou ons heer wakker, want die slawe het dit gewaag om af te kom teen ons vir 'n geveg, tot hulle finale verdelging.” ¹⁴ Bagoas het ingegaan en by die ingang van die tent geklop, want hy het gedink dat hy saam met Judit slaap. ¹⁵ Toe niemand antwoord nie, het hy die tentklap oopgemaak, die slaapvertrek binnegegaan en Holofernes^c uitgestrek op die vloer gekry: dood — en sy kop was van sy lyf af. ¹⁶ Hy het met 'n harde stem geskreeu, met 'n gehuil en 'n gekreun en 'n luide gekerm, en sy klere geskeur. ¹⁷ Toe het hy by die tent waar Judit gebly het, ingegaan. Toe hy haar nie kry nie, het hy uitgestorm na die mense en geskreeu: ¹⁸ “Die slawe het verraad gepleeg! Een Hebreuse vrou het skande gebring oor die huis van koning Nebukadnesar!^{d*} Want kyk, Holofernes lê op die grond en sy kop is nie aan sy lyf nie!” ¹⁹ Toe die aanvoerders van die Assiriese leërmag hierdie woorde hoor, het hulle hulle onderklede geskeur; hulle was hewig ontsteld en hulle wilde krete en baie harde geskreeu het dwarsdeur die kamp opgeklink.

15

¹ Toe die manskappe in die tente dit hoor, was hulle verbysterd oor wat gebeur het. ² Vrees en bewing^e het hulle oorval;* die een het nie vir

***14:13-15** Vgl Rig 3:24-25

^c**14:15 Holofernes:** Letterlik ‘hy’.

^d**14:18 Nebukadnesar:** Die verwysing na Nebukadnesar is anachronisties aangesien hy van 605-562 vC regeer, Jerusalem in 587/586 vC verower en die Joodse volk eers lank na sy dood teruggekeer het. Hy was koning van Babilonië, nie van Assirië nie.

***14:18 Een Hebreuse ... Nebukadnesar:** Vgl Rig 9:53-54

^e**15:2 Vrees en bewing:** Letterlik ‘Bewing en vrees’.

***15:2 Vrees ... oorval:** Judit 2:28

die ander gewag nie, maar soos een man het hulle uitgestorm en gevlug — met elke pad langs oor die vlakke en deur die bergstreek. ³ Dié wat kamp opgeslaan het in die heuwels rondom Betulua het ook op die vlug geslaan.* Toe het die Israëliete, elke enkele krygsman onder hulle, op hulle afgestorm. ⁴*Ussia het mense gestuur na Bet-Mastajim, Bebai, Goba en Kola en na elke streek in Israel om te berig oor wat gebeur het, sodat almal moes toesak op die vyand om hulle uit te wis. ⁵ Toe die Israëliete dit hoor, het hulle hulle soos een man oorval en vernietig — tot by Goba. Net so het ook diegene uit Jerusalem en die hele bergland by hulle aangesluit, want aan hulle is vertel wat in die kamp van hulle vyande gebeur het. Die mense in Gilead en dié in Galilea het hulle van die flanke af 'n groot slagting toegedien, en deurgedring tot selfs anderkant die grense van Damaskus. ⁶*Die res van Betulua se inwoners het die Assiriese kamp oorval en geplunder, en baie ryk geword daaruit. ⁷ Toe die Israëliete terugkom van die slagting, het hulle beheer geneem van wat oorgebly het. Selfs die dorpies en nedersettings in die bergland en op die vlaktes het baie buit verower, want daar was 'n geweldige oorvloed. ⁸ Die hoëpriester Jojakim* en die Raad van die Israëliete wat in Jerusalem gewoon het, het gekom om die goeie dinge te sien wat die Here vir Israel gedoen het, en om Judit te sien en haar vrede toe te wens. ⁹ Toe hulle ingaan na haar, het hulle haar almal saam geprys en vir haar gesê: “Jy is die groot trots van Jerusalem; jy is die groot roem van ons geslag. ¹⁰ Jy het dit alles met jou eie hand* gedoen; jy het goeie dinge vir Israel gedoen en God is tevrede daarmee. Mag jy vir altyd

*15:3 Dié ... geslaan: Judit 7:18

*15:4 Judit 4:4

*15:6-7 Vgl Est 9:6-10,15

*15:8 hoëpriester Jojakim: Judit 4:6

*15:10 met ... hand: Judit 8:33; 9:9-10; 12:4; 13:4,14-15; 16:5

geseën word deur die almagtige Here!” Die hele volk het gesê: “Mag dit so wees!” ¹¹ *Die hele volk het die kamp* dertig dae lank geplunder. Hulle het vir Judit die tent van Holofernes gegee en al sy silwerware, sy beddens, sy bakke en al sy meubels. Sy het dit gevat en op haar muil gelaai en haar waens ingespan en die goed daarop gestapel. ¹² En hulle het bymekaargekom om haar te sien, elke vrou in Israel, en haar geprys, en van hulle het vir haar gedans.* Sy het seremoniële stawwe^f in haar hande geneem en dit uitgedeel aan die vroue wat by haar was, ¹³ en sy en dié wat saam met haar was, het hulleself met olyfkranse gekroon. Sy het die hele volk voorgegaan in die dans; sy het al die vroue gelei, en elke man in Israel het gevolg, gewapen en met kranse, terwyl hulle lofliedere sing. ¹⁴ *Toe het Judit hierdie danklied voor die ganse Israel aangehef, en die hele volk het haar die lied nagesing.

16

¹ Judit het gesing:

“Hef vir my God 'n lied aan
met tamboeryne,
sing vir die Here met simbale,
maak vir Hom 'n lof-en-pryslied,
maak Hom groot en roep sy Naam aan!

*15:11 Judit 16:19

*15:11 kamp: Judit 7:18

*15:12 vir ... gedans: Judit 3:7; vgl Eks 15:20; Rig 11:34; 1 Sam 18:6; Ps 149:3; Jer 31:4,13; 1 Mak 13:51

^f15:12 seremoniële stawwe: Takke waarom klimopranke gedraai was met 'n dennebol aan die punt. Uit klassieke Grieks bekend as 'n Bacchusstaf.

*15:14 — 16:17 Vgl Eks 15:1-19; Rig 5; Luk 1:45-55

² Want die Here is 'n God
wat oorloë beëindig,*
Hy het immers in sy kamp
in die midde van die volk
my gered uit die hand
van my vervolgers.

³* Assirië het van die noordekant
uit die berge gekom,
hy het gekom met sy tienduisende
soldate;
hulle menigte het die rivierlope
volgepak
en hulle ruitery het die heuwels
bedek.

⁴ Hy het gedreig hy sal my gebiede
afbrand,
my jong manne met die swaard
doodmaak,
my suigeling verpletter
teen die grond,
my kindertjies as buit oorlewer
en my maagde as oorlogsbuit wegvoer.

⁵* Maar die Here, die Almagtige,
het hulle planne verydel
deur die hand van 'n vrou.*

* **16:2 Want ... beëindig:** Judit 9:7

* **16:3** Judit 9:7

* **16:5-9** Vgl Rig 5:24-27

* **16:5 hand ... vrou:** Judit 8:33; 9:9-10; 12:4; 13:4,14-15; 15:10

⁶ Want hulle magtige een^g het nie
tot 'n val gekom deur die toedoen
van jong manne nie;
dit is nie die seuns van Titane^h
wat hom getref het nie;
dit is ook nie groot reuseⁱ
wat hom oorval het nie,
maar Judit, dogter van Merari,
het hom met die skoonheid
van haar gesig verlam.

⁷ Want sy het haar weduweeklere
uitgetrek tot roem
van die verdruktes in Israel;
sy het mirresalf^j aan haar gesig
gesmeer,

⁸ haar hare met 'n haarband opgebind
en 'n linnekleed aangetrek
om hom te bekoor.

⁹ Haar sandaal* het sy oog gevang,
haar skoonheid het sy hart^k
gevangene geneem,

^g**16:6 magtige een:** Dit verwys na Holofernes.

^h**16:6 Titane:** Reuse wat afstammeling was van gode uit die Griekse mitologie;
of: oerwonders van Palestina wat as reuse bekend was.

ⁱ**16:6 groot reuse:** Hier as sinonieme vir Titane gebruik.

^j**16:7 mirresalf:** Dit verwys na 'n produk verkry van die struik van die
mirrefamilie wat soos parfuim gebruik is; •Mirre.

***16:9 sandaal:** Judit 10:4

^k**16:9 hart:** Letterlik 'siel'. Die mens se bewuste, innerlike self, dikwels ook "hart"
genoem.

die swaard het sy nek deurgekap!*

¹⁰ Die Perse het gebewe

oor haar onverskrokkenheid,
die Meders was in beroering
oor haar waagmoed.

¹¹ Toe het my verdrukte mense geskreeu,
my swakkes was vreesbevange

en vol angs;
hulle het hulle stem verhef
en die vyand het gevlug.

¹² Die seuns van jong meisies

het hulle deurboor,
hulle gewond soos die kinders
van voortvlugtiges.

Hulle is vernietig deur die slagordes
van my Here.

¹³ *Ek sal vir my God

'n nuwe loflied sing:
Here, U is groot en eerbiedwaardig,
wonderbaarlik sterk, onoorwinlik!

¹⁴ Laat u hele skepping U dien,

want U het gespreek
en dit het tot stand gekom;*

U het u Gees gestuur
en Hy het hulle gevorm;¹

* **16:9 swaard ... deurgekap:** Judit 13:8

* **16:13** Ps 86:10; 96:1; 147:5

* **16:14 U het gespreek ... gekom:** Ps 33:9

¹**16:14 Gees ... gevorm:** “Gees” kan ook “asem” wees; vgl Gen 2:22; Ps 33:6; 104:30.

daar is niemand wat weerstand kan bied
teen u bevel nie.^m

¹⁵ Want die berge sal saam met
die waters van hulle fundamente
geskud word;
rotse sal voor u aangesig
smelt soos was,^{*}
maar aan hulle wat vir U ontsag het,
sal U genade betoon.^{*}

¹⁶ *Want gering is elke gawe
wat as •reukoffer gebring word,
baie gering is al die vet
vir u •brandoffer,
maar hy wat ontsag het vir die Here
is groot vir altyd.

¹⁷ Ellende wag op nasies
wat opstaan teen my geslag!
Die Here, die Almagtige, sal hulle
op die oordeelsdag straf^{*}
deur vuur en wurms in hulle vlees
te stuur,^{*}
en hulle sal ween en hulle pyn voel
vir ewig.”

^m16:14 teen ... nie: Letterlik ‘teen u stem nie’.

^{*}16:15 Want ... was: Rig 5:5; Ps 97:5

^{*}16:15 maar ... betoon: Ps 25:14; 103:13

^{*}16:16 Ps 40:7-8; Sir 34:16

^{*}16:17 Ellende ... straf: Rig 5:31

^{*}16:17 vuur ... stuur: Jes 66:24; Mark 9:48

¹⁸ *Toe hulle by Jerusalem aankom, het hulle neergeval en God aanbid. Nadat die volk gereinig is, het hulle hulle •brandoffers en •vrywillige offers gebring, asook hulle gawes. ¹⁹ *Judit het al Holofernes se besittings wat die volk vir haar gegee het, gewy en die muskietnet* wat sy uit sy slaapvertrek vir haarself geneem het, het sy as •wydingsoffer aan God gegee. ²⁰ Toe het die volk drie maande lank feesgevier voor die heiligdomⁿ in Jerusalem, en Judit het saam met hulle daar gebly. ²¹ Hierna het elke liewe een opgepak en na sy erfdeel^o vertrek. Judit het teruggegaan na Betulua en op haar grond gaan woon.* Sy is haar hele lewe lank in die hele land geëer. ²² Baie het haar begeer, maar geen man het met haar omgang gehad al die dae van haar lewe nie, van die dag dat haar man, Manasse, dood is en by sy mense gevoeg is. ²³ *Haar aansien het baie toegeneem, en sy het honderd-en-vyf jaar oud geword in die huis van haar man. Sy het haar diensmeisie vrygelaat. Sy het in Betulua gesterf, en hulle het haar begrawe in die grafkelder van haar man, Manasse. ²⁴ *Die huis van Israel het sewe dae lank oor haar gerou. Voor haar dood het sy haar besittings uitgedeel aan al die naaste familie van haar man, Manasse, en aan haar eie naaste familie. ²⁵ *Niemand het weer in Judit se leeftyd en selfs lank na haar dood vrees by die Israëliete ingeboesem nie.

***16:18-20** Lev 27:28; Num 31:50; Deut 13:15-17; Jos 6:19

***16:19** Judit 15:11

***16:19 muskietnet:** Judit 10:21

ⁿ**16:20 heiligdom:** Letterlik 'heilige dinge', maar die verwysing is na die •tempel in Jerusalem. Dit is deurgaans so in die Makkabese boeke.

^o**16:21 erfdeel:** Verwys waarskynlik na die verskillende stamgebiede; vgl Jos 1:15.

***16:21 teruggegaan ... woon:** Judit 8:7

***16:23-24** Judit 8:2-3

***16:24** Gen 50:10; Sir 22:12

***16:25** Jos 21:44; 22:4; Rig 2:18; Heb 4:8